

Intensiewe voerdoeltreffendheids toetse vir Santa Gertrudis bulle:

Tendense oor die tydperk 1999-2020

- ▶ M.N FERREIRA, LNR – Diereproduksie, Senior Navorsingstegnikus Armoedsvlakte, Vryburg
ferreiram@arc.agric.za

YOLANDA VENTER, Rasbestuurder, yolanda@santagertrudis.co.za



AGTERGROND

Die Nasionale Vleisbees aantekening- en Verbeteringskema van die LNR is deur die Suid-Afrikaanse regering meer as 6 dekades gelede ingestel. Die doel is om die biologiese, ekonomiese doeltreffendheid van vleisbeeste te verbeter deur genetiese verbetering en verbeterde beesbestuurspraktyke. Dit is bereik deur verskeie strukturele, tegnologiese veranderinge en toepassings wat daarop gemik is om beesvleisproduksie te verhoog, volhoubare en winsgewende produksiestelsels te bevorder. Ten spyte van die tegniese sukses van die program, en die aansienlike investering wat daarin gemaak is, is daar beperkte inligting oor die opbrengs op investering gemaak in die beesvleisverbeteringskema in Suid-Afrika. Die Landbou ekonome afdeling van die LNR het gedurende 2019 bepaal wat die rand waarde was wat deur die bedryf ontvang was, deur die prestasiedata van meer as 44 jaar (1970-2014) te evalueer.

Die studie het getoon dat die opbrengskoers 32% was. Dit impliseer dat Suid-Afrika R32 ontvang het vir elke rand wat in die skema belê was. Dit opsigself is n baie sterk motivering dat die bedryf moet belê in die Skema en ten einde ekonomiese doeltreffendheid van die bedryf te verbeter.


Dit is belangrik om 'n positiewe voermarge te hê as gevolg van hoë voerkoste. 'n Positiewe voermarge kan slegs met 'n hoë massatoename en 'n relatiewe lae voerkoste gerealiseer word (die wins as gevolg van lewende massatoename in verhouding tot die koste van voer verbruik). Dit kan bereik word deur die gemiddelde daaglikse toename (GDT) te verbeter en die voerkoste te verlaag deur diere te teel wat voer meer doeltreffend gebruik. Voerkoste beloop 55% – 70% van die totale produksiekoste en 'n 10% verbetering in voerdoeltreffendheid van diere kan 'n voerkostebesparing van etlike honderd miljoen rand per jaar vir die bedryf as geheel tot gevolg

hê. Die meting van voerdoeltreffendheid sal help met besluite wat produktiwiteit verhoog sonder om produksiekoste te verhoog, wat dan groter winsmarges tot gevolg het. Voerkraalstudies in die VSA het getoon dat 'n 10% verbetering in GDT as gevolg van 'n 7% toename met inname, winsgewendheid met 18% verbeter het, terwyl 'n 10% verbetering in voerdoeltreffendheid 'n 43% toename in wins opgelewer het. Deur voerdoeltreffendheid te verbeter, sal dit bydra tot 'n meer volhoubare en winsgewende produksiestelsel.

BESPREKING

Bogenoemde in ag geneem, was die doel van hierdie studie om te bepaal hoeveel telers en bulle in hierdie tydperk getoets was. Bulle het 'n groter effek op 'n kudde se doeltreffendheid as koeie, omrede een bul tot ongeveer 30 kalwers per seisoen kan gee, maar een koei slegs een kalf per jaar. Hoe meer bulle getoets en geselekteer word vir doeltreffendheid, hoe groter is die impak op die ras.

Dit het gedaal tot op 'n laagte punt van 3 telers met 7 bulle in 2014. Vanaf 1999 – 2009, was 595 bulle getoets deur 122 telers. Vanaf 2010 – 2020, het die hoeveelheid bulle getoets verminder tot 583 en 87 telers. Dit is 'n afname onderskeidelik van 12 bulle en 35 telers. Die afname in bulle getoets kan toegeskryf word aan die stygende voerkostes. Telers wat hul boerdery gestaak het, kan ook 'n rede vir afname wees. Gedurende 2000 is die LRF (*Livestock Registering Federation*) gestig, waarvan die Santa Gertrudis Genootskap 'n stigterslid was. Die afname in getal telers wat bulle laat toets het, het begin afneem in 2000 en 2002. Gedurende 2004 het die Santa Gertrudis Beestelersgenootskap van SA geregistreer as hul eie registrerende owerheid. Tydens 2015 tot 2018 het die Genootskap deelgeneem aan die *Beef Genomics* Projek (BGP), waar daar weer 'n styging in deelname van die telers was.



Grafiek 1: Die hoeveelheid bulle teenoor die getal telers wat getoets het per jaar, oor 'n periode van 21 jaar (1999 – 2020). Hierdie grafiek illustreer hoe die getal telers asook die getal bulle getoets, verander het.

OPSOMMING

Daar is 'n duidelike afwaardse tendens in die hoeveelheid bulle getoets per jaar asook die hoeveelheid telers wat bulle gestuur het vir toetsing. Gedurende 2000 het 21 telers, 100 bulle getoets, in 2001 het 14 telers, 118 bulle getoets.

AANBEVELING

Die doel van voerinnamingsgroei is om die genetiese potensiaal vir groei en voerdoeltreffendheid van vleisras-bulle so akkuraat as moontlik, onder gestandaardiseerde toestande, te bepaal. Om voerdoeltreffendheid

akkuraat te bepaal, word individuele voeriname vereis van potensiële teelbulle. Dit vereis die meting van individuele voeriname deur gespesialiseerde appaarte, wat by verskeie geakkrediteerde toetsstasies gemeet kan word.

Telers moet aangemoedig word om bulle in te skryf vir toetsing. Indien meer telers hul bulle toets, sal die 10 jaar rollende gemiddeldes verbeter, wat dan tot gevolg gaan hê dat bulle wat getoets is, met 'n groter groep vergelyk kan word. Hierdeur kan strenger seleksie gedoen word t.o.v prestasietoetsing. Deur volharding met prestasietoetsing, sal diere meer doeltreffend word deur seleksie en die telers se winsgrense sal verhoog. Hierdie inligting kan telers help om beter ingeligde seleksie besluite te neem om hul teeldoelwitte te bereik. Met hierdie toetse

word bulle se werklike prestasie vergelyk met bulle uit verskillende kuddes van dieselfde ras, asook tussen verskillende jare. Daardeur kan die genetiese meriete van diere oor kuddes en jare bepaal word. Deur die metings van werklike syfers te neem, word die akkuraatheid van die bulle se teelwaardes verbeter. Dit beteken dat die invloed van die omgewing tot 'n groot mate uitgeskakel is in die metodes wat gebruik word om hierdie teelwaardes te bereken. Al die metings beskikbaar vir daardie spesifieke eienskap van alle verwante diere word gebruik om die teelwaardes te bereken. Hoe meer waardes van 'n dier se nageslag en verwante diere in berekening gebring word, hoe meer word die invloed van omgewingsfaktore uitgeskakel en hoe meer akkuraat kan die teelwaardes gebruik word in teelprogramme.